SKOUREëLS EN ETIKET VAN DIE FRIES- EN VLAAMPERDPERDGENOOTSKAP VAN NAMIBIë

A. ALGEMENE REëLS

1. Die skoukomitee is self in beheer van borge en borggeld.
2. Streeks- of Nasionale Kampioenskappe is oop vir geregistreede en ongeregistreede perde.
3. Enige Raadslid of lid wat bewus is van skoureëlings moet dit deurgee aan die kantoor.
4. Voor Streeks- of Nasionale Kampioenskappe kan inskrywings van ouderdoms- klasse nagegaan word en kontroleer

KLEREDRAG

Klere moet skoon en netjies wees, tensy toestande, (bv. reën), dit nie toelaat nie. Ons en ons perde moet altyd netjies vertoon en ‘n goeie beeld uitdra.

B. GENOOTSKAPDRAG (Tydens byeenkomste, soos besluit)

1. Wit hemp met kraag, (nie T-hemp nie).
2. Khaki trui sonder moue.
3. Das.
4. Khaki kleurige langbroek met ‘n belt aan.
5. Netjiese skoene en bypassende kouse.
6. Swart baadjie.
7. Baie netjies bypassende hoed.

C. HANDKLASSE

1. Vertoners en aanjaers trek presies dieselfde aan.
2. Broeke – ‘n netjiese khaki kleurige langbroek, (wat tot by die enkels kom sonder dat sy kouse uitsteek).
3. Hemp – wit hemp met kraag, (nie ‘n T-hemp nie), hemp mag kort moue hê maar afgeskeurde moue word nie toegelaat nie.
4. Netjiese skoene of tekkies.
5. Khaki kleurige pette – dit moet netjies wees, geen musse word toegelaat nie.
6. Nommers – moet netjies op die vertoner se rug vasgesteek wees.
7. Geen stoet mag deur/op kleredrag tydens klasse geadverteer word nie, hetsy met slagspreuk, kleur of embleme nie.

D. TUIGKLASSE

1. Broeke – dieselfde as in die hand klasse.
2. Hemde – dieselfde as in die hand klasse.
3. Dasse – mag nie sonder ‘n das dryf nie.
4. Baadjie – moet ‘n swart baadjie aan hê.
5. Skoene – netjiese skoene.
6. Hoed – moet ‘n netjies hoed op hê.
7. Handskoene – opsioneel.

E. DAMESENKELTUIG

1. Formele drag – rok of broekpak.
2. Dit is ons hoogtepunt van die skou, hoe mooier, hoe beter.

F. RYKLASSE

DRESSEER DRIEGANG OP DRESSEERBAAN

1. Wit rybroek.
2. Wit hemp en kraag.
3. Moet ‘n das of iets soortgelyk aan hê.
4. Swart baadjie, met genootskapwapen as moontlik.
5. Swart ryskoene of lang stewels. Geen hoë hakkie nie.
6. Swart ryhoed of harde dop.
7. Swart of wit handskoene.

G. TRADISIONELE DRIEGANG

1. Wit / khaki rybroek of gewone khaki langbroek.
2. Wit hemp met kraag.
3. Das.
4. Swart baadjie.
5. Swart of bypassende ryskoene – geen seilskoene nie.
6. Swart / bruin of donkerblou ryhoed of harde dop.
7. Swart of wit handskoene – opsioneel.
8. Saalperdpakke ook toelaatbaar.

H. SKOU HANDKLASSE

1. Perde is onder beoordeling sodra hulle by die hek inkom.
2. Perde moet anti-kloksgewys in draf vanaf die hek tot voor die pawiljoen verby en dan die perd opstel in die middle van die veld. Hulle word opgestel in ‘n reguit lyn sodat hulle na die pawiljoen kyk.
3. Perde sal dan deur die beoordelaars deurgestap en beoordeel word, aanjaers moet dan voor die perde staan.
4. Elke perd word nou afsonderlik beoordeel, hy moet stap tot by die beoordelaar en dan opgestel word met sy kop in die rigting van die hek, waar hy ingekom het. Hy moet wag tot hy bevel word om weg te stap van die Beoordelaar, daarna wegdraai en antikloksgewys voor die beoordelaars en pawiljoen verby draf.
5. Hierna word hulle weer voor die palwiljoen opgestel en wag dat al die perde klaar beoordeel word.
6. Merries en klein vulletjies en groep klasse stap tot voor die pawiljoen.
7. Net 2 persone per perd word op die baan toegelaat.
8. Vullens onder 12 maande word met ‘n swart, bruin of wit halter geskou. Geen helder gekleurde halters word toegelaat nie. Ouer perde word met ‘n swart, bruin of wit toom geskou.
9. Geen perd aan die hand mag geskou word met ‘n lyfband nie.
10. Geen swepe of sambokke word toegelaat nie, slegs ‘n netjiese peits van ongeveer 1m of ‘n stokkie met ‘n waaier vooraan. Geen blikkies.
11. Merries in teelklasse se vullens mag nie naby die baan gebring word en sodoende die ander deelnemers se merries onstel nie.
12. Alle perde moet op die baan bly tot na afhandeling van beoordeling. Indien ‘n perd onbeheers is, mag die hoof-baanbeampte die vertoner bevel om die baan te verlaat.

I. SKOU-ETIKET

1. ‘n Vertoner moet trots wees op himself en sy perd en ook respek hê vir sy medevertoners.
2. Gedurende die skou mag geen vertoner ‘n ander vertoner probeer beïnvloed, aanmerkings maak of ‘n ander vertoner se perd benadeel deur die perd skrik te maak, te slaan of met iets te gooi nie.
3. In handklasse moet jy beheer hê oor jou perd en ‘n redelike afstand hou tussen jou perd en ander perde, sodat hulle nie mekaar kan skop nie.

4. Geen vertoners mag ‘n beoordelaar probeer beïnvloed of omkoop of aanmerkings maak gedurende die beoordeling nie.
5. Vertoners mag nie inmeng met beoordelaars of beamptes op die baan nie.
6. Enige aanval, mondelings of fisies, in die publiek op ‘n beoordelaar deur ‘n eienaar/vertoner van ‘n perd kan tot straf lei deur middle van ‘n rooi kaart wat skorsing van deelname aan die hele skou beteken of ‘n geel kaart wat beteken dat die eienaar/vertoner geskors word, as deelnemer vir die klas waarin sy perd/e deelneem.
7. Geen vertoner mag onder die invloed van drank sy diere vertoon nie. Dit kan lei tot skorsing van die skou.
8. Geen vertoner mag met die beoordelaar praat of redeneer, terwyl die perde nog op die baan is nie.
9. Geen vertoner mag hardop aanmerkings maak terwyl, plasings uitgeroep word nie.
10. Indien ‘n vertoner skuldig is aan so ‘n oortreding, word hy gewarsku en verbeur hy sy prysgelde in daardie spesifieke klas.

J. RYKLASSE

1. Vertoners mag ‘n “afhaler” gebruik.
2. ‘n Peits is opsioneel.
3. Netjiese saal moet gebruik word, maar nie ‘n cowboy saal nie.
4. Dubbelleisels is toelaatbaar.
5. Spore is toelaatbaar.
6. Perde moet netjies beslaan wees. ***(Sien beslaanreels onder Z – Kleredrag / Toerusting van perd)***
7. Daar moet duidelik onderskei word, tussen Tradisionele driegang en Dresseer driegang.
8. In Groot kampioenskappe sal slegs Tradisionele driegang se standaarde toegepas word.
9. In Tradisionele driegang word slegs na die perd gekyk. Driegang moet suiwer gedoen word en elke keer met die regte leivoete. Die ruiter word nie beoordeel nie, maar moet wel ‘n mooi prentjie vorm saam met die perd.

K. TREKKLASSE

1. Geen spykerplanke word toegelaat nie.
2. Slegs ‘n gladde plank mag gebruik word.
3. Ophalers en afhalers word toegelaat.
4. Slegs die koetsier mag op die karretjie wees.
5. Slegs persone onder 16 en bo 70 en dames met meer as twee perde, mag ‘n helper op die kar hê vir veiligheid.
6. Alle karre moet netjies, skoon en diensbaar wees.
7. Wa-spanne mag helpers saamneem, maar hulle moet soos vertoners van handklasse geklee wees.
8. In alle dryfklasse is die perde onder beoordeling die oomblik wat hy by die hek inkom.
9. Na afhandeling van die beoordeling, ontspan die vertoners. Wanneer die plasings gemaak word kom die vertoners anti-kloksgewys tot voor die beoordelaars en pawiljoen waar die pryse oorhandig word.
10. Die perd wat plasings gekry het, gaan staan dan solank gereed vir ‘n pronkrondte – kloksgewys.
11. Verder moet gekyk word na “riglyne vir beoordeling”.

L. REëLS TEN OPSIGTE VAN PERDE WAT GESKOU WORD

1. Alle perde moet netjies voorgebring word. Indien die kondisie en versorging, nie na wense is nie, is so ‘n perd ‘n verleentheid vir die Ras en Genootskap.
2. Perde se voete of hoewe moet netjies versorg wees.
3. Vertoners/eienaars wat ‘n perd op die baan pak gee/mishandle, sal gediskwalifiseer word.
4. Perde wat op die baan vassteek en vanself weer begin beweeg, is toelaatbaar. Indien die perd weggelei moet word, word hy gediskwalifiseer. Indien ‘n persoon in die ryklas van ‘n perd afval, word hy gediskwalifiseer. In trekklasse mag ‘n probleem met toerusting **eenmalig** reggestel word met die hulp van ‘n helper.
5. Geen bloed word aan perde toegelaat nie. Indien daar wel bloed aan ‘n perd is, sal die baanbeampte of beoordelaar wat die raak gesien het, die hoof-baanbeampte in kennis stel.

Die klas sal dadelik gestop word en die oorsaak gesoek word. Beoordelaars sal besluit oor optrede na gelang van die besering of oorsaak van die bloed.

6. In geval van bloedskuim, moet die oorsaak gesoek word en toegewings kan gemaak word.
7. Indien bloed as gevolg van ‘n besering is, word die perd gediskwalifiseer. Vertoner sal gevra word om na die middle van die baan te beweeg.
8. Indien ‘n tuig breek en die vertoner kan dit vinnig herstel, moet die kals gestop word en geen perd is dan onder beoordeling nie, totdat die persoon klaar die tuig herstel het en weer kan ry. ‘n Vertoner sal slegs ‘n eenmalige geleentheid kry om ‘n tuig te herstel.
9. Indien ‘n perd kruppel is, as gevolg van ‘n besering, moet besluit word of dit tot voordeel van perd is om verder te skou, indien nie, moet die perd onttrek word vir die klas.
10. Geen Junior perde mag saam met Senior perde geskou word nie, behalwe in dubbeltuig, tandem, vierspan en wa-spanne, tensy anders besluit deur die skoukomitee,. Indien ‘n Junior perd saam met Senior perde geskou word, kan die vertoner/eienaar ‘n geel of rooi kaart kry.
11. Alle perde se hare onder die kakebeen en die maag moet skoon geskeer wees.
12. Vlaamperde se maanhare en vere aan die bene kan geskeer of ongeskeer wees

M. DISKWALIFIKASIES

1. Indien enige oortreding van reels plaasvind, sal die beoordelaar of baanbeampte wat die raakgesien het, die hoof-baanbeampte verwittig, hy sal dan die beoordelaars byeen roep en hulle sal gesamentlik oor die optrede besluit.
2. ‘n Lid van die Skoukomitee, kan tesame met die beoordelaar/s vir sekere problem genader word.

N. PERDE GERY DEUR DAMES OF KINDERS

1. ‘n Kind of dame mag ‘n hings/merrie of reun in enige klas ry of dryf, die risiko rus op die vertoner. Die vertoner moet net ten alle tye, in volle beheer wees van die perd. Indien die vertoner nie, in beheer van perd is nie, sal die hoof-baanbeampte jou vra om in die middel te wag tot die klas voltooi is.

O. BEOORDELAARS EN BEAMPTES

1. By skoue waar meer as een beoordelaar optree, mag die beoordelaars nie, met mekaar praat , totdat alle tellingskaarte van die betrokke klas ingehandig is nie. Die Hi-Low stelsel sal gebruik word met drie beoordelaars.
2. In geval van twee beoordelaars, sal eers na finale beoordelilng, onder mekaar onderhandel word.
3. Tellingskaarte sal nie uitgeruil word, vir mekaar getoon word of vir mekaar gegee word om in te handig nie.
4. Beoordelaars moet himself vergewis van die skoureëls, regulasies en rasstandaarde van die Genootksap.
5. Gronde om ‘n beoordelaar van die lys van goedgekeurde beoordelaars te skrap sal die volgende insluit, maar is nie beperk tot die volgende nie:
misluk om te voldoen aan die reels en regulasies van die Genootskap.

P. KLAGTE IN VERBAND MET BAANBEAMPTES, MEDE-VERTONERS OF BEOORDELING

1. Indien ‘n vertoner/eienaar ‘n grondige rede tot ontevredenheid het, moet dit op skrif binne 14 dae van die skou, aan die kantoor van die Genootskap gestuur word, geen latere klagtes sal aandag geniet nie. U klagte moet die bedrag van N$500.00 vergesel.
2. Enige beoordelaar of baanbeampte het dieselfde reg as die vertoners.

Q. OUDERDOM VAN PERDE

1. Die ouderdom van perde word volgens die geboortedatum bepaal en/of volgens die tande. Bewys van die perd se ouderdom kan enige tyd aangevra word, deur die Versamelringbeampte.
2. Perde se ouderdom word bepaal volgens die aanvang van die skoudatum en sal die res van die skou onder dieselfde ouderdom skou.

R. RIGLYNE VIR BEOORDELAARS

HANDKLASSE

1. Punte word toegeken:
    1.1 Konformasie volgens rasstandaarde – 50%
    1.2 Stap – volgens rasstandaarde – 20% - platvoet.
    1.3 Draf – volgens rasstandaarde – 20% - Let op die agterbeen se dryfaksie.
    1.4 Voorbereiding en versorging van die diere – 10%
2. Ons wil hier sover moontlik, ons rasstandaarde daarstel en uitbrie.
3. Hierdie klasse moet ons sover montlik probeer om ons teeldiere te identifiseer, dit wil sê by hingste moet gekyk word na testikels. Merries wat in vul is of wat reeds vullens het mag nie benadeel word nie.
4. Minimum hoogte vir merries behoort of 3 jaar 1.50m te wees. Hingste behoort 1.55m hoog te wees of 3 jaar.
5. Beoordelaars moet in die handklasse let op natuurlike beweging. Dit is immers teelklasse.

S. VERTOONKLASSE

1. Drag moet netjies wees.
2. Vertonings moet statig en netjies gehou word.
3. Diere moet ten alle tye onder beheer wees.

T. SKOUKLASSE

TUIGKLASSE

Punte word toegeken:

1. Konformasie volgens rasstandaarde – 20%
2. Draf volgens rasstandaarde – 20%
3. Voorbereiding en versorging van die tuie en ook van diere volgens rasstandaarde – 20%
4. Gehoorsaamheid en discipline van diere – 20%
5. Die vertoning en voorbring van diere moet ‘n eenheid vorm – 20%

U. FRIESPERDKLASSE MOET AS VOLG BENOEM WORD

1. Merrievul onder 12 maande
2. Hingsvul onder 12 maande
3. **Kampioenvul onder 12 maande**
4. Hings bo 1 – onder 2 jaar
5. Hings bo 2 – onder 3 jaar
6. Hings bo 3 – onder 4 jaar
7. **Junior Kampioen Hings**
8. Merrie bo 1 – onder 2 jaar
9. Merrie bo 2 – onder 3 jaar
10. Merrie bo 3 – onder 4 jaar
11. **Junior Kampioen Merrie**
12. **Senior Kampioen Merrie 4 jaar en oor**
13. Ingevoerde Hings 4 jaar en oor
14. Namibiese Hings 1 jaar en oor
15. **Senior Kampioen hings 4 jaar en oor**
16. Merrie met suipvul
17. Hings met afstammelinge – ten minste 2
18. Langlyne – hinges
19. Langlyne – merries
20. Reunperde – Outomatiese kampioenskap
21. Leiriem klas vir kinders onder 10 jaar

RYKLASSE

1. Tradisionele Driegang H/R onder 4 jaar
2. Tradisionele Driegang Merrie onder 4 jaar
3. **Kampioen Driegang onder 4 jaar**
4. Tradisionele Driegang H/R bo 4 jaar
5. Tradisionele Driegang Merrie bo 4 jaar
6. **Kampioen Driegang bo 4 jaar**
7. Driegang dresseer merries bo 4
8. Driegang dresseer H/R bo 4
9. **Kampioen Driegang dresseer**
10. Tradisionele Driegang kinders onder 18
11. Dresseer driegang kinders onder 18
12. Stap en draf vir kinders onder 12 jaar

TUIGKLASSE

1. Enkeltuig merrie onder 4 jaar
2. Enkeltuig H/R onder 4 jaar
3. **Junior Kampioen Enkeltuig onder 4 jaar**
4. Enkeltuig merrie bo 4 jaar
5. Enkeltuig H/R bo 4 jaar
6. **Groot Kampioen Enkeltuig bo 4 jaar**
7. Dames Enkeltuig
8. Junior Enkeltuig kinders onder 18 jaar
9. Dubbeltuig merries onder 4 jaar
10. Dubbeltuig H/R onder 4 jaar
11. **Junior Kampioen Dubbeltuig onder 4 jaar**
12. Dubbeltuig merries bo 4 jaar
13. Dubbeltuig H/R bo 4 jaar
14. Groot Kampioen Dubbeltuig bo 4 jaar
15. Koetsperde
16. Kampioen span 4 perde
17. Kampioen span 8 perde
18. Kampioen Tandem

Daar is vergunning dat ‘n Junior perd saam met ‘n Senior perd in die dubbeltuig, tandem, 4span en wa-span mag skou.

REëLS VIR LANGLYNE KLASSE

1. Die merries en hingste moet nie saam deelneem nie.
2. Geen ophalers of “side-riens” is toelaatbaar nie.
3. Beoordelaar moet deelnemers eers toelaat, om een rondte van die baan te voltooi. Dan tree die deelnemers aan.
4. Elke deelnemer kry afsonderlik kans om een rondte om die baan te draf, om sy perd se natuurlike beweging ten beste ten toon te stel.
5. Beoordelaar let op na die ruimte van die draf en nie na die hoogte van die voorbeenaksie nie en goeie agterbeen dryf beweging.
6. Die perd se bouvorm word nie beoordeel nie. Wel sy toerusting en beweging.
7. Toerusting mag wit, swart of bruin wees.
8. Geen katrolletjies word toegelaat nie.
9. ‘n Swepie/pe is opsioneel.
10. Verbande om die bene is opsioneel.
11. Kleredrag is as volg: khaki broek, wit hemp en tekkies.

V. ETIESE EN ALGEMENE REëLS VIR BEOORDELAARS EN BEAMPTES

BEOORDELAARS

1. Die beoordelaars moet ten alle tye eerlik, regverdig en onpartydig wees.
2. Die beoordelaars sal bewustelik oordeelkundig in sy besluite en gedrag wees en onthou dat die oogmerke van die Persekou is die bevordering van die ras en die verbreeding van kennis van die toeskouers en vertoners. Dit moet ook genotvol wees.
3. Die beoordelaar volg ‘n spesifieke patron in sy beslissings en teen die einde van die skou moet daar ‘n indruk van eenvormigheid in sy beslissings wees.
4. Die beoordelaar mag nie beïnvloed word deur enige kennis van vorige vertonings of records van die perd wat vertoon word nie. Hy moet sy beslissing vel oor dit wat hy gedurende die duur van elke spesifieke klas sien.
5. Die beoordelaar is geregtig om sy beslissings te verander, insluitende teelklasse, waarin die later klasse daar verandering in houding (voorkoms), lewendigheid, beweging, maniere en temperament ook moontlik is.
6. Die beoordelaar het ‘n verantwoordelikheid teenoor die skou en daar word van hom en van die vertoners ‘n goeie vertoning verwag. Die ontaktvolle beoordelaars kan ‘n skou verongeluk. Hy moet diplomatiek, takt en hoflikheid ontwikkel teenoor alle vertoners en toeskouers wat hom konfronteer. Hy moet vertroue inboesem en sy gedrag moet onberispelik wees. Hy moet ten alle tye die stem van die gewete van die gewete gehoorsaam en beslissings mag nie suspisieus wees nie.
7. Die beoordelaars moet konsekwent wees en moet die “vasgestelde” tyd van die item in ag neem.
8. Die beoordelaar moet met die mede-beoordelaar saamwerk en moet die mag van sy oortuiging besit.
9. Indien beoordelaars lank neem, om ‘n beslissing te gee, moet die perde nie aanhou vertoon word nie, maar ingeroep word.
10. Die baanbeampte mag nie invloedryke vertoners toelaat, om in die arena te kom om met die hanteerders of die beoordelaar of gidse te gesels of te kyk hoe die beoordelaar beoordeel of hulp aan die hanteerders verleen nie.
11. Die beoordelaar mag nie ‘n gesprek vor met die hanteerders of helpers nie.
12. Die beoordelaar sal nie die redes vir sy plasings gedurende die skoutydperk aan vertoners verstrek nie, want dit kan lei tot beïnvloeding van die beoordelaar. Die beoordelaar moet egter gewillig wees, om vrae van die vertoners te beantwoord na afloop van die skou, maar hy sal nooit onder verpligting staan om die redes te verstrek vir sy beslissing nie.
13. Vertooners moet beoordelaars met respek behandel en sy beslissing sonder benadeling van sy regte in die aanvaar. Appél teen ‘n beslissing moet gedissiplineer wees en op skrif aan die skoukomitee veergelê word.
14. Die beoordelaar se beslissing moet gegrond en betroubaar wees. Hy moet die plasings en redes vir die plasing kan onthou. Verkieslik moet hy behoorlik boekhou van sy op- en aanmerkings op elke perd.
15. In klasse waar ‘n hoogte- of ouderdomsbeperking is, is dit nie die plig van die beoordelaar om dit te kontroleer nie. Hy sal aanvaar dat dit alreeds gedoen is.
16. Die beoordelaar moet met die aankondiger en die beamptes verantwoordelik vir die pryskaarte (rosette) saamwerk om die klas op ‘n klimaks te eindig. Dit is dan die vertoner se plig om die ring soos ‘n kampioen te verlaat – so kan hy die beoordelaar se beslissing beklemtoon.
17. Stiptelikheid is noodsaaklik vir sukses en as ‘n vertoonwoordiger van sy assosiasie mag die beoordelaar nooit laat wees nie.
18. Die beoordelaar moet hoflik wees. Hy moet smaakvol gekee wees, goeie maniere toon en sy pligte onopsigtelik en effektief nakom. Hy sal sy hoed afhaal wanneer hy ‘n kar en perde inspekteer wat deur ‘n dame gedryf word. Hy sal ook sy hoed verwyder wanneer ‘n toekenning aan ‘n dame gemaak word.
19. Tydens die skou mag ‘n beoordelaar nie in die kroeg drink, of tussen klasse met groepe meng of drank gebruik nie. Dieselfde reel geld vir alle vertoners, aanbieders en deelnemers aan ‘n Friesperdskou.
20. ‘n Beoordelaar sal beoordeel, totdat die Perdeprogram be-eïndig word, en sal nie voor die tyd verskoon word, behalwe in noodgevalle.

21. Dit sal van die beoordelaar verwag word om nooit onder invloed van sterk drank te beoordeel nie. Dit kan oneerlikheid in die hand werk en die beoordelar blootstel aan skorsing.
22. 'n Beoordelaar mag nie onbehoorlik inmeng met die vertoner of vertoners tydens beoordeling nie – slegs die baanbeamptes sal opdragte ten uitvoer bring.

RIGLYNE VIR BEOORDELAARS

1. Die beoordelaar moet ook na die volgende let in aanteelklasse:
   i) Tipe word bepaal deur bouvorm – Konformasie
   ii) Besluit waarom 'n perd wen en vergeet "ek hou van"
   iii) Kry skoustandaarde so korrek as moontlik
   iv) Maak aantekeninge van die positiewe en negatiewe bouvorm en bewegings aspekte van elke perd.

2. Die beoordelaar moet ook na die volgende let in dryfklasse (trekklase):
   i) Besluit of dit 'n paar perde is (in dubbeltuig)
   ii) Besluite of perde dieselfde beweging het bv. Aksie, spoed, styl, ens (in dubbeltuig, tandem, vier- en aftspan)
   iii) Besluit of albei perdei die kar trek (dubbeltuig)
   iv) Besluit of die tuig goed pas. Netjies, goedversorgde ou tuie is 'n bate bo onversorgde nuwes.
   v) Besluit of voorperde maklik en flink beweeg, sodat stringe styf speel (tandem, vier- en aftspan)
   vi) Besluit of perde 'n eenheid vorm (tandem, vier- en agtperdespanne)
   vii) Besluit of daar kwaliteit en goeie algemene voorkoms is (veral by enkeltuig)
   viii) Besluit oor perd se beweging, aksie en styl en spoed (in enkeltuig)

3. Die beoordelaars moet ook na die volgende let in ry-klasse (perde onder saal)
   i) Besluit of perd geskik is as ryperd.
   ii) Besluit of perd die drie erkende gange van stap, draf en gallop gehoorlik uitvoer.
   iii) Besluit of perd maklik hanteerbaar is as ryperd.
   iv) Indien so gee aksie, style en voorkoms die deurslag.
   v) Die Ruiter se hantering om op die regte voet te lei, oor te gaan van een gang na die volgende en sy algemene beheer oor die perd moet ook beoordeel word.
   vi) Die driegang is nie 'n wedren nie.

W. BEAMPTES

1. Die baanbeampte mag geen beslissing of besprekking oordra nie.
2. Die baanbeamptes moet ten alle tye optree, ter beskerming van die beoordelaars.
3. Die baanbeamptes moet die opdragtem, van die beoordelaars uitvoer, met betrekkiing tot hoe, waar, wanneer, ens. leier of vertoner moet vertoon.
4. Moet beoordelaar se aandag versigtig op ongeruimthede.

X. BEAMPTE IN VERSAMELRING

1. Beampte sal toesien dat perde betyds by versamelring is en dat daar nie in arena deur beoordelaars en die publiek op 'n item gewag word nie.
2. Beampte sal toesien dat slegs die korrekte ingeskrewe perde toegelaat word na baan.
3. Beampte sal die reg hê om enige perd se registrasiesertifikaat, geboortesertifikaat of afskrif daarvan op de eis, alvorens die perd in die arena toegelaat word.
4. Beamptes sal en moet omsien, dat wanneer perde onder hoogte en/of ouderdom skou, dit korrek is.

Y. STANDAARD FRIESPERD DRESSEER OEFENING

Klasse word ingedeel as volg:
Ruiters onder 18 jaar
Ruiters 18 jaar en ouer.

1. Deelnemer kom in op ‘n draf en tree voor beoordelaar aan. Dit is nie onder beoordeling nie.
2. Beoordelaar roep elke deelnemer individueel uit om; eers die beampte te salueer en doen Punte uit 10.
   - 2.1 in ‘n figuur 8 te stap. Die stap moet ‘n loop-stap wees en ‘n reguitlyn loop, nie ‘n pronktrap nie, stadig reëlmatige tree loop.
   - 2.2 Oor gaan op ‘n draf wanneer die 8 kruis op die regte been. Die draf moet ‘n reëlmatige, ritmiese grond dekkende draf wees. Die perd moet om die boog rond wees.
   - 2.3 Kom skuins in na beoordelaar op ‘n gestrekte draf, ruiter moet in die saal bly sit – nie saalboomsteek.
3. Op die onderste boog, gaan ruiters oor op ‘n beheersde gallop, nie gejaagd nie – op die regte been.
4. Voltooi boog gaan skuins oor na ander boog nog steeds in gallop. Stop in die middel van die boog en stap na die beoordelaar.
5. Doen terugtree – twee treë – stop en salueer weer die beoordelaar wat hom ontslaan.
6. Ruiter verlaat figuur 8 met ‘n stap, los teuels.

Z. KLEREDRAG

Toerusting van die perd:

- Geen verbande om die bene of stert nie.
- Saalperd hoefysters word nie toegelaat nie.
- Hoefkussings (pads) ook nie toegelaat nie.
- Lang hoewe is ontoelaatbaar.
- Perd(e) wat skop moet ‘n rooi strik in die stert hê.
- Dubbeltoom of enkeltoom kan gebruik word.
- Bruin of swart tooms en saals a.o buitegrond.
- Saalkleedjie moet wit wees.

Die perd se hare kan los of geplait wees. Vere aan die voete is toelaatbaar, maar die perd mag geskeer wees.

DIE RUITER

Wit of roomkleurige rybroek, lang swart rystewels, geen kamaste, spore is opsioneel. Wit of roomkleurige hemp met keelspeld of das, swart baadjie, swart of wit handskoene, swart ryhoed of Tophat. Saalperdpakke mag ook gedra word. Meisies se hare moet in ‘n net vas wees met die gesig uit. ‘n Dresseerpeits wat altyd gedra word op die binne been.



Tydsduur: Gemiddelde 3 minute
Beoordelaar
No.1 Salueer beoordelaar
No.2 Stap tot by kruis
No.3 Normale draf
No.4 Gestrekte draf
No.5 Beheersde gallp op die regte been. Leidende been verander by kruis, rigting tot by B en stap reguit voor beoordelaar met los teuels.
No.6 neem teuels by C weer op, halt, neem twee tree terug, salueer en word ontslaan.